# Gids

## Agtergrond en Inligting

### Die Algemene Sinode se 2019-besluit oor selfdegeslagverhoudings

**Soos op 9 Oktober 2020**

Opgestel deur die Span vir Gesprek met Sinodes oor die 2019-besluit

# INHOUD

*Voorwoord (bl.5)*

*Inleiding: Oorsig oor die temas in die Gids (bl.7)*

1. Die 2019-besluit oor selfdegeslagverbintenisse (bl. 10)

2. Skrifhantering: 'n Geskiedenis van onderlinge verskil (bl.15)
    - 2.1. Die Skrifbeskouing van die NG Kerk
    - 2.2. Vasgeloop?
    - 2.3. 'n Geskiedenis van teologiese verskille
    - 2.4. Geldige interpretasie

3. Eenders of een? (bl.23)
    - 3.1. Hoe gaan ons om met onderliggende verskil?
        - *3.1.1. 'n Gewigtige saak word deur 'n kerkvergadering hanteer (Handelinge 15)*
        - *3.1.2. Aanvaar mekaar, soos Christus julle ook aanvaar het (Romeine 14)*
    - 3.2. Een kerk in 'n verdeelde samelewing
    - 3.3. Kern- en randsake
    - 3.4. Trinitariese teologie en onderskeidende gesprek

4. "Bly in My soos Ek in julle": Ons vereniging met Christus en onderlinge eenheid (bl.31)

5. 'n Christelike styl: Hoe praat ons met mekaar? (bl.34)
    - 5.1. Liefde en respek (1 Korintiërs 13)
    - 5.2. Gesprekswaardes

6. Die pad van die NG Kerk met selfdegeslagverhoudings sedert 1986: 'n Kort opsommende storielyn (bl.37)

# *Voorwoord*

Hierdie is ‘n gids wat **ruimte wil skep vir gesprek** oor die Algemene Sinode se 2019-besluit oor selfdegeslagverhoudings sodat **sinodes binne hulle eie konteks** die saak kan hanteer.

Punt 9 van die Algemene Sinode se 2019-besluit oor selfdegeslagverhoudings lui:

*“Die sinode wil graag die ruimte wat vir almal geskep word om volgens hulle oortuiging op te tree, respekteer. Ook dat daar ‘n span saamgestel word wat elke streeksinode sal besoek om hierdie saak duidelik en deeglik deur te werk. Dit kan ons help om ‘n ingeligte besluit te neem.”*

‘n Diverse span is deur die ASM aangewys:

- Heerden van Niekerk (sameroeper)
- Maartje van der Westhuizen
- Dewyk Ungerer
- Bertus Celliers
- Anton Fick (s)
- Pieter van der Walt (skriba)

Ons kies vir die volgende benadering in die uitvoering van ons opdrag:

- Reël gesprekke in oorleg met streeksinodes, volgens elk se eie behoeftes;
- Verduidelik tydens hierdie gesprekke hoe die Algemene Sinode tot by die 2019-besluit gekom het;
- Ondersteun sinodes om ingelig self verder te praat en te besluit;
- Meng nie in by sinodes se eie prosesse nie;

Elke sinode is welkom om volgens **eie, unieke behoeftes** van ons aanbod gebruik te maak. Nooi ons gerus na julle sinodesitting, vra ‘n gesprek met julle leierspan aan, en/ of maak gebruik van die materiaal.

Ons opdrag is om te verduidelik hoe die Algemene Sinode tot die 2019-besluit gekom het. Ons is bereid om te luister, om vrae te beantwoord en toeligting en agtergrond te verskaf.

Kontak ons gerus met vrymoedigheid

*In diens van Christus*

*Heerden van Niekerk & span*

# *Inleiding:*
# *Oorsig oor die temas van die Gids*

*Konstruktiewe gesprek oor onderlinge verskille in die kerk is nie net wenslik nie, maar ook moontlik.*

*Die temas wat in hierdie Gids met Agtergrond en Inligting behandel word, is gekies om juis hiervoor ruimte te skep.*

**HOOFSTUK 1**
**Die 2019-besluit**

- Die Gids begin met die volledige 2019-besluit.
- Kerkbode se verduideliking van wat wesenlik besluit is.
- Die interpretasie van die Taakspan Regte.

**HOOFSTUK 2**
**Skrifhantering**

*Die kwessie van die gesag en hantering van die Skrif staan sentraal in hierdie gesprek.*

- Hoofstuk 2 begin met ‘n opsomming van die NG Kerk se amptelike Skrifbeskouing.
- Die term “vasgelooptheid” wat in die besluit voorkom, word kortliks bespreek. Die “vasgelooptheid” waarna die 2019-besluit verwys, dui daarop dat ons met dieselfde Bybel by verskillende gevolgtrekkings kom en dan buite hoorafstand van mekaar beland. Ons hoef nie te aanvaar dat ons in ‘n doodloopstraat is nie.
- Daar word aandag geskenk aan onderlinge teologiese verskille wat in die verlede in die NG Kerk voorgekom het. Twee uiteensettings hiervan word kortliks as voorbeelde bespreek, naamlik dié van Ferdinand Deist en Vincent Brümmer. Ons sien dat teologiese verskille deel is van ons geskiedenis.
- Die vraag hoe ons tot instemming oor sake kom (die vraag oor “geldigheid”), word ook kortliks aan die orde gestel.

**Hoofstuk 3**
**Eenheid en diversiteit**

*'n Volgende sentrale vraag handel oor wat ons as gelowiges saambind. Watter gedeelde grond is daar wat gesprek oor verskillende interpretasies moontlik maak en ons bymekaar hou?*

- Bybelse verhale waar gelowiges verskillende standpunte gehad het en weë moes vind om saam verder op weg te gaan.
- Die onderskeid tussen kern- en randsake.
- Die implikasies van 'n Trinitariese teologie vir onderskeidende gesprek.

**HOOFSTUK 4**
**"Bly in My soos Ek in julle"**

*Hierdie hoofstuk bou op die vorige een en beskryf die "gedeelde grond".*

- Ons vereniging met Christus, die gekruisigde en opgestane Here, is die diepste waarheid omtrent ons lewe en identiteit.

**HOOFSTUK 5**
**Hoe praat ons met mekaar?**

*Ons durf nie onverskillig met mekaar omgaan wanneer ons verskil van mekaar nie. Daar is iets soos 'n Christelike styl waarmee verskille hanteer word.*

- 1 Kor 13 praat van liefde en respek.
- Ons vind riglyne in die Algemene Sinode se gesprekswaardes.

**HOOFSTUK 6**
**Storielyn**

Die Gids sluit af met 'n kort opsomming van die NG Kerk se pad met selfdegeslagverhoudings sedert 1986. Dit is belangrik om daarvan kennis te neem dat die besinning hieroor 'n ver pad kom.

# 1. Die 2019-besluit oor selfdegeslagverbintenisse

*1. Die Algemene Sinode neem kennis dat verskille in die kerk ten opsigte van Skrifhantering en Skrifuitleg tot vasgelooptheid gelei het, en dat voortgaande besinning oor verantwoordelike Skrifuitleg steeds nodig is.*

*2. Die Algemene Sinode bely egter dat die eenheid van die kerk gefundeer is in ’n eenheid met Christus en die belydenisgrondslag, en dat hierdie eenheid nie verbrokkel wanneer daar oor Skrifhantering en Skrifuitleg ten opsigte van hierdie saak verskil word nie, maar verryk en verdiep word.*

*3. Die Algemene Sinode is verbind tot ’n voortgaande en nederige diepe luister na mekaar, met respek vir mekaar se uiteenlopende benaderings, Skrifhantering en hermeneutiek.*

*4. Die Algemene Sinode moedig gemeentes aan om voort te gaan met die skep van gesprekruimtes vir gesonde geloofsonderskeidende gesprekke oor hierdie (en ander) teologies-etiese kwessies, en toe te sien dat:*

> *4.1 hierdie ruimtes inklusief en divers bly;*
> *4.2 nie oor ánder te praat nie, maar eerlik en broos vanuit die eie posisie,*
> *4.3 en daar werklik erns gemaak word met die Woord van God.*

*5. Die Algemene Sinode respekteer kerkrade se reg om geloofsonderskeidende gesprekke in hulle eie kontekste te voer en moedig kerkrade aan om deurdagte en verantwoordelike besluite te neem.*

*6. Die Algemene Sinode moedig kerkrade aan, om by die aanwysing van persone in die ampte, lidmate se:*

> *6.1 doop, belydenis, roeping, spiritualiteit en getuienis van leer en lewe,*
> *6.2 toegang tot die sakramente,*
> *6.3 integriteit van verhoudings, en*
> *6.4 geskiktheid vir die spesifieke rol in ag te neem*
> *6.5 ongeag ras, geslag, klas of seksuele oriëntasie en -identiteit.*

*7. By die legitimasie van teologiese studente, moet die studente se:*

*7.1 doop, belydenis, roeping, spiritualiteit en getuienis van leer en lewe,*
*7.2 toegang tot die sakramente,*
*7.3 integriteit van verhoudings, en*
*7.4 teologiese- en bedieningsvorming in ag geneem word, ongeag ras, geslag, klas, of seksuele oriëntasie en -identiteit.*

*8. Die Algemene Sinode erken dat daar:*

*8.1 kerkrade en predikante is wat nie hulle weg oopsien om burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag te bevestig nie,*
*8.2 ook kerkrade en predikante is wat wel hulle weg oopsien om burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag te bevestig.*

*9. Die Algemene Sinode wil graag die ruimte wat vir almal geskep word, om volgens hulle oortuiging op te tree, bevestig. Die Algemene Sinode besluit ook dat daar 'n span saamgestel word wat elke streeksinode sal besoek om die saak duidelik en deeglik deur te werk. Dit kan ons help om 'n ingeligte besluit neem.*

*10. Die Algemene Sinode dra dit aan ATLAS op om 'n formulier te ontwikkel vir die bevestiging van burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag.*

*11. Die Algemene Sinode*

*11.1 betreur dat die verloop van die debat en die besluite in die kerk die afgelope jare lidmate verwar en seergemaak het;*
*11.2 vra gay-lidmate en hulle families wie se menswaardigheid wetend en onwetend misken is, uitdruklik om verskoning vir die pyn wat hulle in die kerk beleef het;*
*11.3 verbind hom daartoe om in die gees van hierdie besluit ruimtes te skep vir gesprek waarin almal se menswaardigheid gerespekteer word.*
*11.4 Die Algemene Sinode bedank gay-lidmate wat volgehou het met waagmoedige en konstruktiewe gesprekke in die kerk.*

*12. Die Algemene Sinode dra dit aan ATLAS op om voort te gaan met studie oor die huwelik en menslike seksualiteit met die oog op terugvoer aan die volgende sinode.*

## Kerkbode het soos volg oor die 2019-besluit berig:

Die 2019-besluit **bied ruimte** vir verskillende standpunte oor verhoudings tussen mense van dieselfde geslag. Kerkrade, ringe en sinodes het die reg om self te besluit watter standpunt hulle hieroor wil inneem.

*Die besluit bely dat die eenheid van die kerk gefundeer is in 'n* ***eenheid met Christus*** *en die belydenisskrifte. Hierdie eenheid verbrokkel nie as daar verskille oor die hantering en uitleg van die Bybel is nie.*

Die Algemene Sinode het hom verbind tot **voortgesette gesprekke** en gemeentes aangemoedig om ook ruimte vir gesprek te skep.

*Kerkrade word aangemoedig om in die verkiesing van mense tot die ampte lidmate se doop, roeping, spiritualiteit en getuienis oor leer en lewe in ag te neem, maar nie ras, geslag of klas of seksuele oriëntasie of identiteit nie.*

Die sleutelwoord van hierdie besluit is "moedig aan". Dit bind kerkrade nie. By die legitimasie van teologiestudente moet aspekte van hulle geestelike lewe ook in ag geneem word, maar nie ras, geslag, klas of seksuele oriëntasie nie.

*Die besluit gee erkenning aan verskillende standpunte oor die bevestiging van gay paartjies in burgerlike verbintenisse en bevestig die ruimte vir almal om volgens eie oortuiging op te tree.*

# INTERPRETASIE VAN DIE BESLUIT – TAAKSPAN REGTE

### A. Konteks van historiese verbintenisse van die NG Kerk en die 2019-besluite:

1. Sedert die totstandkoming van die AS in 1962 het die Kerkorde bepaal dat die samestellende kerke/sinodes nooit hulle selfstandigheid prysgee in die vorming van 'n algemene sinodale verband nie. Dit beteken dat die samestellende sinodes selfstandige regsentiteite bly (vergelyk Artikel 36 asook Reglement 24 oor kerklike goedere).
2. Hierdie selfstandigheid word nog verder versterk deur Artikel 35 waarvolgens samestellende sinodes die mandaat het om, met inagneming van bepaalde voorwaardes, hulle belydenisgrondslag uit te brei (vergekyk artikel 35.7).
3. Verder word die taak en funksie van die Algemene Sinode gedefinieer in Artikel 43 asook in Reglement 1. Daarom moet alle besluite aan die hand

van veral artikel 43.1.1 en 43.1.4 asook Reglement 1 punt 2.4 geïnterpreteer word.

Artikel 43.1.1

> dit wat uitdrukking gee aan die kerk se gemeenskaplike identiteit in terme van Woord, Belydenis, *Kerkorde*, roeping en beleid

Artikel 43.1.4

> die viering van die kerk se onderlinge verbondenheid, eenheid en diversiteit

Reglement 1.2.4

> Die Algemene Sinode is nie ’n voorskriftelike sinode nie.

**B. Interpretasie van die AS 2019-besluite oor selfdegeslagverhoudinge:**

In die lig van bogenoemde staan dit dus sinodes vry om hul eie besluite hieroor te neem, onderhewig aan die voorwaarde dat kerkrade en predikante nie gedwing kan word om teen hulle gewete op te tree nie (vergelyk punt 5, 8 en 9 van die besluit van die AS 2019 oor selfdegeslagverhoudinge.

> 5. Die Algemene Sinode respekteer kerkrade se reg om geloofsonderskeidende gesprekke in hulle eie kontekste te voer en moedig kerkrade aan om deurdagte en verantwoordelike besluite te neem.
> 8. Die Algemene Sinode erken dat daar:
> 8.1 kerkrade en predikante is wat nie hulle weg oopsien om burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag te bevestig nie,
> 8.2 ook kerkrade en predikante is wat wel hulle weg oopsien om burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag te bevestig.
> 9. Die sinode wil graag die ruimte wat vir almal geskep word, om volgens hulle oortuiging op te tree, bevestig.

**Punte 5, 8 en 9 van die besluit impliseer die volgende vir plaaslike hantering:**

- Kerkrade word juis aangemoedig om hieroor in eie konteks verantwoordelike besluite te neem.
- Kerkrade en predikante is nie onder enige dwang om enige van die twee standpunte te aanvaar of uit te voer nie. Sien punt 9 in die besluit.

- Die beleid van die Algemene Sinode word verwoord in punt 9 – *"om ruimte wat vir almal geskep word, om volgens hulle oortuiging op te tree, bevestig"*. Hiermee bevestig die Algemene Sinode dat hy in hierdie saak nie voorskriftelik optree teenoor sinodes en kerkrade nie en word die mandaat om hieroor standpunt in te neem en dit in praktyk te implementeer, afgewentel na kerkrade.
- Dit beteken dat ʼn kerkraad die reg het om self te besluit of persone in selfdegeslag- verbintenisse in die betrokke gemeente toegelaat word tot die amp of nie. **Kerkrade het ook die reg om geen besluit hieroor te neem nie.**
- Daarmee saam verkry kerkrade die reg om die bevestiging van burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag toe te laat, of nie toe te laat nie. Ook hieroor hoef kerkrade nie enige besluit te neem nie.
- Predikante word ook toegelaat om volgens hulle eie gewete selfdegeslag-verbintenisse te bevestig, of nie te bevestig nie.
- Dit beteken dat ʼn predikant nie deur ʼn kerkraad verplig kan word om volgens die kerkraad se oortuiging en of besluite op te tree nie.
- Eweso kan ʼn predikant ook nie ʼn kerkraad verplig om volgens sy/haar oortuiging op te tree nie. So byvoorbeeld kan ʼn predikant wat ʼn burgerlike verbintenis wil voltrek, nie daarop aandring om dit te doen in die kerkgebou van ʼn kerkraad wat anders besluit het nie.
- Die beginsel is dat die saak afgewentel is na die plaaslike kerkraad en die individuele predikant. (Vergelyk punt 8 en 9 van die besluit).
- Dit is belangrik om daarop te let dat ʼn kerkraad nie verplig is om hieroor ʼn besluit te neem of ʼn standpunt te formuleer nie.

**Ander besluite wat hiermee in verband staan:**

1. Die Algemene Sinode herbevestig die besluit van 2004 dat, volgens ons verstaan van die Bybel, slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as ʼn huwelik beskou kan word.
2. Die Algemene Sinode bevestig die besluit van 2004 dat sowel heteroseksuele as homoseksuele promiskuïteit ten sterkste veroordeel word.
3. Die Algemene Sinode besluit dat, in die lig wat ons tans het, homoseksuele verbintenisse en huwelike nie as ʼn alternatief vir die huwelik aanvaar kan word nie.

(uit Handelinge AS 2007, pp 204-205, pte 12.2 en 12.3)

**Wetgewing en selfdegeslagverbintenisse:**

Kerkrade en predikante moet ook kennis neem van die bepalings van die Wet op Burgerlike verbintenisse (No 17 of 2006, Civil Union Act).

Die Wet bied beskerming aan predikante wat gewetensbesware het om selfdegeslag verbintenisse te voltrek.

No 17 of 2006, Civil Union Act

**Marriage officer not compelled to solemnise civil union**

6. marriage officer, other than a marriage officer referred to in section 5 may in writing inform the Minister that he or she objects on the ground of conscience, religion and belief to solemnising a civil union between persons of the same sex, whereupon that marriage officer shall not be compelled to solemnise such civil union

Dit blyk dus dat predikante (wat die behoefte het) beskerming ontvang wat volgens die Wet die Minister skriftelik inlig dat hy/sy nie burgerlike verbintenisse op grond van geloofsoortuigings wil voltrek nie.

# 2. Skrifhantering: 'n Geskiedenis van onderlinge verskil

Die Algemene Sinode het 'n amptelike, gedeelde *Skrifbeskouing*. Daar is egter nie eenstemmigheid wanneer dit kom by *Skrifhantering* nie.

Ons bely almal in die woorde van Artikel 7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis dat die Skrif die wil van God volkome bevat, dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word, en dat ons niks met die Goddelike Woord mag gelykstel nie, want dié waarheid is bo alles.

Die volledige besluite van die Algemene Sinode oor Skrifgesag en Skrifhantering, wat sedert 1986 geneem is, kan gevind word op die webblad van die Algemene Sinode by http://ngkerk.net/navorsingverslae/

Tog is daar verskille oor betekenis en toepassing.

Die duidelikste formulering word gevind in die verklaring, *Skrifgebruik en Skrifgesag (2004)*. Hierdie verklaring is in 2011 'n "eenvoudige en prinsipiële samevatting" van die NG Kerk se Skrifbeskouing genoem en moet saamgelees word met die goedgekeurde dokumente van 1986, 1990 en 2002.

## 2.1. Die Skrifbeskouing van die NG Kerk

In 1985 skryf die Algemene Jeugkommissie bekommerd aan die Algemene Sinodale leiers dat teenstrydige uitsprake van teoloë onrus in die kerk bring en die jeug verlam. Die Sinode het 'n proses van besinning oor die Skrif aan die gang gesit. Kerkleiers, teoloë van die susterskerke, asook dosente van die drie Teologiese Fakulteite het aan hierdie proses van besinning deelgeneem. 'n Verslag is ontwikkel, wat in 1986 aanvaar is as "riglyn vir ampsdraers en lidmate".

Die term "organiese inspirasieleer" het 'n belangrike plek beklee in die 1986-verslag. Hiermee is die belydenis verwoord dat die Heilige Gees by die totstandkoming van die Heilige Skrif op sodanige wyse van die diens van mense gebruik gemaak het, dat daar in geen enkele opsig aan hulle selfwerksaamheid afbreuk gedoen, of die historiese en psigologiese bemiddeling van die openbaring uitgeskakel is nie. Die Bybel is met sy menslike en historiese karakter in sigself die Woord van God.

Die 1986-verslag wou wegkom van 'n objektiwistiese of positiwistiese waarheidsbegrip, waarmee die gesag van die Bybel nie net aangeval nie, maar dikwels ook verdedig word.

Die 1986-verslag het verder beklemtoon dat die Bybel geen handboek is vir wetenskap of geskiedenis nie. Dit is nie aan ons gegee as 'n bron van openbaring oor allerlei aangeleenthede wat oor die breë terrein van ons kennis lê nie. Dit het 'n bepaalde religieuse skopus of doel. Dit is aan ons gegee om ons wys te maak tot saligheid, sodat die mens van God volkome kan wees, volmaak toegerus vir elke goeie werk (2 Tim 3:16).

In 2002 het die Algemene Sinode dit opnuut noodsaaklik gevind om te praat oor die verhouding tussen die "menslike" en die "Goddelike" in die totstandkoming en gebruik van die Skrif. Aspekte soos historiese konteks, literatuursoort en die leiding van die Gees is dieper ondersoek.

Die volgende oortuigings is in 2002 gestel:

- *Wie die gesag van die Woord aanvaar, offer nie die Goddelike gawe van sy of haar denkvermoë op nie.*
- *Die Skrif is nie 'n bron van eksakte natuurwetenskaplike en historiese informasie nie, maar bring ons by die kennis wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus.*
- *Die hart van die boodskap en sake wat meer op die rand lê, kan nie van mekaar losgemaak word nie, maar ons moet die verskil in ag neem.*
- *Die gesag van elke onderdeel van die Skrif funksioneer binne die geheel van die Skrif.*
- *Die Skrif vertolk die geskiedenis wat God met die mense gemaak het en ons kom deur middel hiervan, toegerus deur die Gees, wat die eintlike Tolk is, met God in aanraking.*
- *Die gesag van die Skrif berus in die boodskap van Christus en nie in die kerk se keuse om dit as kanon te aanvaar nie.*
- *Die gesag van die Skrif hang saam met die beloftes van God, wat berus op wat God gedoen het op Goeie Vrydag en Paassondag.*

Die behoefte het steeds bestaan dat die kerk se Skrifbeskouing só verwoord sal word dat dit nie misverstand wek nie. Verdere kommentaar is ontvang en 'n raamwerk is opgestel waarbinne vanuit 'n gereformeerde verstaan verder besin kon word. Die grense van hierdie raamwerk is in vyf punte verwoord, wat deur die Sinode van 2004 goedgekeur is om vir bespreking aan Ringe en gemeentes deur te gee.

*Die fomulering van die 2004-sinode kom op die volgende neer:*

1. Die Bybel is die Woord van God en is daarom gesagvol oor ons hele lewe. Dit is betroubaar, duidelik en voldoende.

2. Ons denkvermoë word nie uitgeskakel wanneer ons die Bybel lees nie.

3. Die kerk as geloofsgemeenskap soek onder leiding van die Heilige Gees na dit wat God deur sy Woord in ons tot stand bring. Hierdie soeke geskied nie sonder verantwoorde Skrifinterpretasie nie.

4. Die kerk mag in elke tyd anders oordeel oor die beste reëls en metodes vir verantwoordelike Skrifuitleg.

5. Ons is daartoe verbind om in gesprek te bly met mekaar en met ander, as deel van die kerk van alle eeue, om die dinge te onderskei waarop dit aankom (Fil 1:9-10).

## 2.2. Vasgeloop?

Ons kom met dieselfde Bybel tot verskillende etiese gevolgtrekkings. Hoe nou gemaak?

‘n Diep respek en agting vir God en sy Woord lê agter die verskillende standpunte oor selfdegeslagverhoudings.

⌂ Onder diegene wat ‘n ernstige kommer oor en ‘n afwysende reaksie op die Algemene Sinode 2019 se besluit het, is dit hulle liefde vir God en medemens wat daartoe lei dat hulle nie ruimte kan maak vir enige iets wat na hulle oortuiging volgens die Bybel teen God se wil ingaan nie. Hulle is oortuig dat hulle God sal verloën en hulle medemens sal mislei wanneer hulle dit doen.

⌂ Vir diegene wat ruimte wil maak vir gelowiges om in selfdegeslagverbintenisse hulle seksualiteit met verantwoordelikheid teenoor God uit te leef, is dit juis ook hulle liefde vir God en medemens wat hulle dring. Daarom verwelkom hulle ’n besluit wat dit aan mindere kerkvergaderings oorlaat om in hulle eie konteks en volgens hulle eie Skriftuurlike oortuigings, eie besluite hieroor te neem.

> Die “vasgelooptheid” waarna die 2019-besluit verwys, dui daarop dat ons met dieselfde Bybel by verskillende gevolgtrekkings kom en dan buite hoorafstand van mekaar beland. Ons hoef nie te aanvaar dat ons in ‘n doodloopstraat is nie. Ons sou ook, in plaas van “vasgelooptheid”, kon praat van ‘n “verstrengeldheid”. Verstrengeling kan ontknoop word.

## 2.3. ‘n Geskiedenis van teologiese verskille

Die NG Kerk het dit oor baie dekades reggekry om met teologiese verskille saam te leef en mekaar in die proses nie kwyt te raak nie.

**Ferdinand Deist** skryf in sy boek, *Kan ons die Bybel dan nog glo? Onderweg na ‘n Gereformeerde Skrifbeskouing (1986)*, treffend oor die verskillende benaderings tot Skrif en geloof wat geleef het in die NG Kerk sedert die totstandkoming van eie teologiese opleiding. Hy noem die woorde “fundamentalisme” en “liberalisme” twee woorde wat “kwistig in ons Suid-Afrikaanse debat gebruik word”. As iemand iemand anders wil “bêre” noem hy hom ‘n fundamentalis of ‘n liberalis.

In der waarheid het hierdie begrippe ‘n lang en gelaaide geskiedenis. Ons dominees wat aanvanklik aan die kweekskool studeer het, kon nie verdere studie by die Nederlandse Ryksuniversiteite onderneem nie aangesien hulle nie grade ontvang het nie. Inrigtings in Amerika, soos Princeton en Louisville, asook in Skotland, het wel ons opleiding erken. So ook die Vrije Universiteit van die strenger Gereformeerdes in Amsterdam. Heelwat predikante het daar verder gaan studeer en so het die NG Kerk stadig maar seker aan die begin van die twintigste eeu ‘n meer ortodokse Skrifbeskouing begin aanneem.

> Die NG Kerk het ‘n lang geskiedenis van teologiese verskil. Ons kon nog altyd daarin slaag om die eenheid van die kerk te bewaar. Die vraag hóé ons omgaan met onderlinge teologiese verskil, is waarskynlik nou een van die belangrikste.

Daar was nou enkele hoofrigtings in die NG Kerk. (i) Die “Reveil”-rigting, soos verteenwoordig deur Andrew Murray, wat die opkoms van ‘n ongebonde en willekeurige liberale teologie beantwoord het met ‘n klem op die diepe *belewenis* van die belydenis van die kerk. (ii) Die “ortodoks-Gereformeerde rigting, soos verteenwoordig deur iemand soos CR Kotzé, wat ‘n baie spesifieke inspirasieteorie aanvaar het as die enigste moontlike interpretasie van die belydenis. (iii) ‘n Derde groep, wat heelwat kleiner was, was die (Amerikaans geïnspireerde) fundamentalistiese groep, of sg “evangelicals”, wat bekend geword het in die Du Plessis-stryd, en mense ingesluit het soos DR Snyman en DG Malan. Hierdie groepie het geglo in “the literal inerrancy of the Bible” en het saligheid gekoppel aan suiwerheid van leer in plaas van die geloof in Christus.

Dit was vir Deist toe reeds jammer dat ons met die kategorieë van "liberaal" en "fundamentalisties" werk, aangesien "die baard van die liberale teologie darem al honderd-en-vyftig jaar werklik op die grond sleep en die tagtigjarige baard van die fundamentalisme ook al suggereer dat sy tyd uitgedien is." Nietemin beskryf Deist hoe die verskillende benaderings in die NG Kerk tot die Skrifleer verspreid lê tussen hierdie twee pole. Enkele figure kan gevind word op die ekstreme uithoeke. *Aan die een kant* is daar dié soort Skrifbeskouing wat met reg bibliolatrie, of Bybelaanbidding genoem kan word. *Aan die ander kant* is daar 'n soort teologie wat van die grensdrade van belydenisse niks wil weet nie.

"Binne die grense van die Gereformeerde belydenis is daar egter ruimte vir verskillende teorieë oor 'n saak, ruimte vir verskil van opinie, en daardie ruimte moet in 'n Gereformeerde kerk altyd jaloers bewaak word."

⌂ **Vincent Brümmer,** die Suid-Afrikaans gebore godsdiensfilosoof van Utrecht, skryf in sy boek, *Vroom of Regsinnig? Teologie in die NG Kerk (2013),* oor 'n goue draad wat regdeur die geskiedenis van die NG Kerk loop. Hy noem dit die verband tussen *regsinnigheid van hart* en *regsinnigheid van leer*. Die onderskeid tussen hierdie twee teologiese strominge behoort as 'n implisiete subteks in die debatte van die kerk gesien te word en kan ook dien as 'n raamwerk waarbinne die kontroverse in die kerk beoordeel kan word.

Vroomheid of *regsinnigheid van hart* word gesien as 'n persoonlike verhouding met God en berus op die beskouing dat God nie verstaan wil word nie, maar dat God eerder bemin wil word. Hierteenoor sou dié wat kies vir 'n *regsinnigheid van leer* eerder klem plaas op die verdediging van die leerstellinge van die kerk soos neergelê in die belydenisskrifte.

Brümmer erken dat so 'n onderskeid kunsmatig sou kon word, maar wil dit juis nie as rigied en onbuigbaar verstaan nie. Daar was oor die afgelope 150 jaar verskeie teoloë wat gepoog het om die kloof tussen *regsinnigheid van hart* en *regsinnigheid van leer* te oorbrug. Herman Bavinck het byvoorbeeld albei strominge geïdentifiseer, maar nie noodwendig aanklank gevind by die mees prominente verteenwoordigers van die twee strominge nie.

Andrew Murray en Nicolaas Hofmeyer se verset teen die Moderne Rigting in die teologie is vir Brümmer 'n voorbeeld van die klem op *regsinnigheid van hart.* Abraham Kuyper se konfessionalisme, met die klem op die soewereiniteit

van God, is weer ‘n voorbeeld van *regsinnigheid van leer*. Albei strominge wil die uitdagings van die Verligting die hoof bied.

Vir sommige mense is geloof “a thing like a love affair” en vir ander “a thing like a theory” (Chesterton). Die eerste groep noem Brümmer *mistici* en die tweede *konfessionaliste*. Hulle verskil in die manier waarop hulle die verband tussen vroomheid en regsinnigheid verstaan. Albei tendense het volgens hom in die geskiedenis van die NG Kerk ’n rol gespeel. Murray en Hofmeyr het die belydenisskrifte geïnterpreteer in terme van hulle spiritualiteit van kindskap. Vir Kuyper het die regsinnigheid van die leer die voorrang gehad.

Brümmer se werk toon, hoewel op ‘n effens ander wyse, soos dié van Deist aan hoe geskakeerd en verwikkeld teologie in die NG Kerk die afgelope eeu en meer is. Ons “verstrengeldheid” word ver in die gekiedenis terug gevind en word vandag o.a. gesien in die “vasgelooptheid” (*stuckness*) in die gay-debat.

Sommige wil *‘n objektiewe waarheid* in die Bybel ontsluit. Ander wil die *rol van ons eie storie en voorveronderstellings* in die verstaansproses in ag neem. Dít kan egter ook nie net tweeledig of “binêr” verstaan word nie. Soms is dit so dat mense wat min of meer uit dieselfde teologiese, hermeneutiese dampkring kom, verskillende gevolgtrekkings gemaak oor selfdegeslagverhoudings. Met min of meer dieselfde hermeneutiek huldig hulle verskillende standpunte.

Die 2019 besluit verreken die werklikheid van verskil en vertrengeling in interpretasie in die NG Kerk baie goed. Wanneer ons besluit om mekaar vas te hou, is dit nie omdat ons dieselfde gevolgtrekkings maak nie, maar omdat daar iets veel groter en dieper is wat ons bind. Die 2019-besluit gee vir ons ruimte.

## 2.4. Geldige interpretasie

Dit kan goed wees om ‘n bietjie teoreties na te dink oor hoe ons tot kennis en instemming oor ‘n saak kom.

Toe Feyerabend gesê het "everything goes" het hy nie bedoel enige standpunt of mening is reg, of almal is (ewe) reg nie. Hy wou alleen maar onderstreep dat geen teorie sekerheid kan waarborg nie. Alle metodes - selfs die mees voor die hand liggende - het hulle beperkings. Indien mens dít nie voor oë hou nie, is dit maklik om mense (en jouself) op ’n rasionele manier aan die neus te lei.

Mense wat die beperktheid van hulle eie perspektief aanvaar, kry dit reg om met konstruktiewe argumente te soek na ’n beter perspektief, of om raak te sien dat verskillende perspektiewe mekaar sou kon komplementeer.

Dit is dus moontlik om die relatiwiteit van ons onderskeie perspektiewe te aanvaar, sonder om die vraag na ‘n beter, meer geldige perspektief te laat vaar.

Sodra jy die relatiwiteit van jou eie perspektief aanvaar, sowel as die ander se reg om ’n eie, eerlike mening te hê, word die speelveld gelyk en word ‘n konstruktiewe gesprek moontlik.

Die doel van so ‘n gesprek kan nooit wees om ’n ewige en altyd geldende of universele waarheid te ontdek nie. As mense het ons immers nie so ’n perspektief nie. Ten minste kan dit lei tot ’n beter beredeneerde perspektief, mening of standpunt. Dit gebeur egter net wanneer deelnemers in die beredenering werklik op soek is na die bes moontlike oplossing, en nie om die argument te wen nie. En dan in die proses ook weer baie eerlik die eie strategie, argumentering en posisiestelling herbesoek. Meer nog, dit word dan moontlik dat gespreksgenote nader daaraan kom om saam te onderskei wat ’n beter en wat ’n swakker interpretasiemoontlikheid is.

> Dit gebeur egter net wanneer voorstanders van verskillende standpunte in die argumentering en beredenering werklik opsoek is na die bes moontlike oplossing, en nie om die argument te wen nie.


Dit is in hierdie opsig dat **geldigheid** belangrik is.

Geldigheid het onder meer te doen met die aanneemlikheid, effektiwiteit en egtheid van ’n mening.

**Aanneemlikheid* dui op die bewyse wat ten gunste van ’n mening aangevoer word.

**Effektiwiteit* dui op die oorredingsvermoë van ’n mening.

**Egtheid* dui op die etiese kant van ’n mening in die sin dat dit van egte eerlikheid getuig.




Om oortuig te word dat ’n bepaalde mening of standpunt meer waarskynlik as ’n ander een is, moet soveel as moontlik van bogenoemde elemente teenwoordig wees. Enkele van hulle is onontbeerlik. Grondige bewyse ten gunste van ’n bepaalde mening is belangrik, maar indien daar nie ooreengekome kriteria is nie, óf indien nie daarby gehou word nie, is oortuiging en/of konsensus nie moontlik nie.

# 3. Eenders of een?

## 3.1. Hoe gaan ons om met onderlinge verskil?

Dit sal ’n kwade dag in die kerk wees as ons so oorhoops lê met ons verskille dat ons nêrens voldoende gemeenskaplike grond kan vind wat samewerking moontlik maak nie.

Daar is treffende voorbeelde in die Bybel waar die geloofsgemeenskap dit moontlik gevind het om ten spyte van onderlinge verskille verder met mekaar op weg te gaan. Ons noem graag twee sulke voorbeelde. Hoewel dit in hierdie twee verhale om uiteenlopende meningsverskille gaan, het die kerk in altwee gevalle bepaalde gemeenskaplike grond gevind wat vir hulle genoeg motivering was om ooreen te kom om mekaar nie los te laat nie.

Net eers ‘n opmerking oor Bybelinterpretasie: Ons besef terdeë dat ons eie konteks verskil van die konteks waarin die Bybelse tekste tot stand gekom het. Nogtans spreek die tekste gesagvol in ons konteks. Volgens die Nuwe-Testamentikus, Richard Hays, is die taak van Bybelinterpretasie om die analogie te ontdek tussen die woorde van ‘n teks en ons eie ervaring vandag. Wanneer ons ‘n beroep doen op die gesagvolle Skrif, plaas ons eintlik die lewe van ons geloofsgemeenskap verbeeldingryk binne die wêreld wat ons in die tekste vind.

Dit is presies wat ons wil doen met die verwysing na die volgende twee voorbeelde.

### *3.1.1. ‘n Gewigtige saak word deur ‘n kerkvergadering hanteer (Handelinge 15)*

Sommige vra hoe dit moontlik is om ‘n kerkbesluit te neem wat ruimte maak vir verskillende standpunte oor dieselfde saak.

In die Bybel is ‘n besluit waar twee standpunte in ag geneem word egter nie vreemd nie.  In Handelinge 15:1-35 sien ons ‘n baie duidelike voorbeeld van twee groepe wat saamstem om te verskil.

In Handelinge 15 word ‘n gewigtige teologiese saak in die vroeë kerk aan die orde gestel, naamlik of nie-Joodse gelowiges ook besny moet word. Hierdie vraag is uitgestryk tydens ‘n gesamentlike byeenkoms van verteenwoordigers van die gemeentes van Antiogië en Jerusalem. Vir ‘n klompie Joodse gelowiges uit Judea wat in die gemeente van Antiogië aangekom het, was dit ‘n uitgemaakte saak dat die onderhouding van die wet van Moses en die besnydenis bymekaar hoort (15:1). Die besnydenis was die merkteken van die verbond; dit was die bewys dat jy tot God se volk behoort; dit het ook te make gehad met die besnydenis van die hart. Hulle was daarom van mening dat nie-Jode wat deel geword het van die kerk, ook hierdie teken moes ontvang. Die kerk was immers die ware verteenwoordigers van Israel.

Teenoor hierdie siening van sommige Joodse gelowiges, was Paulus en Barnabas van mening dat nie-Jode nie nodig het om die leefstyl en rituele van die Jode aan te neem wanneer hulle tot geloof kom nie (15:2). Hierdie meningsverskil oor die besnydenis tussen die Joodse gelowiges en Paulus-hulle het tot ‘n groot openbare konfrontasie gelei. Ten einde raad het die gemeente van Antiogië toe besluit om ‘n afvaardiging na Jerusalem te stuur om hierdie saak met hulle leierskorps, die apostels en ouderlinge, uit te klaar.

In Handelinge 15:23-29 lees ons die besluit van die vergadering wat in ‘n brief aan die gemeentes gestuur word. Daar is ‘n kern waaroor albei groepe saamstem: slegs die geloof in Christus is nodig vir redding (15:11). Maar oor mindere sake kan hulle verskil. Die Joodse-gelowiges kan dus aanhou om hulself te besny en die nie-Joodse gelowiges hoef nie. Tog was daar ‘n paar sake wat die nie-Joodse gelowiges moes onderneem om nie te doen nie, soos

die eet van vleis wat aan ‘n afgod geoffer is en onsedelikheid. Dié het nie die kerngeloof wat hulle gedeel het in die gedrang gebring nie, maar bloot die sosiale kontak tussen Joodse en nie-Joodse gelowiges vergemaklik. Hulle het mekaar dus gerespekteer.

Die voorbeeld van Handelinge 15 kan ons as kerk gerusstel dat ons 2019-besluit ‘n Bybelse manier van besluit is. Daar is die gedeelde geloof in Jesus Christus wat ons saambind, en daar is voldoende seker gemaak dat beide voorstanders en teenstanders van selfdegeslagverhoudings veilig kan voel op die gesamentlike pad vorentoe.

### *3.1.2. Aanvaar mekaar, soos Christus julle ook aanvaar het (Romeine 14)*

Ook in Paulus se brief aan die Romeine kry ons ‘n duidelike voorbeeld van twee groepe – die sogenaamde sterkes en swakkes in die geloof – wat grondig van mekaar verskil. Hulle word egter aangemoedig om mekaar te aanvaar ten spyte van die sake waaroor hulle verskil.

Die saak waaroor die twee groepe in die gemeente van mekaar verskil het, is die wyse waarop hulle die Ou-Testamentiese voorskrifte hanteer het oor kos wat geëet of nie geëet mag word nie, en voorskrifte vir die viering van feeste, vasdae en ander belangrike gedenkdae. Dit het onder andere ook gegaan oor die eet van vleis of nie. Die sogenaamde sterkes in die geloof het “alles geëet” (14:2), wat waarskynlik vleis ingesluit het (vgl 14:21). Die sogenaamde swakkes in die geloof het hulle hiervan weerhou, waarskynlik omdat hulle bang was dat dit in die heidense tempels aan afgode geoffer is en daarom onrein was (vgl 1 Korintiërs 8:1-13).

Die een groep (die “swakkes” in die geloof), hoofsaaklik Christene van Joodse agtergrond, was vas oortuig dat die bepalings van die Ou Testament oor bogenoemde sake nog net so geldig vir Christene se lewensheiliging was as wat dit vir die verbondsvolk was. Die ander groep (die “sterkes” in die geloof), hoofsaaklik van nie-Joodse agtergrond, was oortuig dat hierdie wetsbepalings in Christus hulle betekenis verloor het en dus nie meer vir mense wat die evangelie aanvaar het, geldig was nie.

Paulus het hom geskaar by laasgenoemde groep (Rom 15:1). Tog het hy nie van een van die twee groepe verwag om van hulle oortuiging af te sien en in te

val by die siening van die ander groep nie. Hy doen eerder 'n beroep op hulle om mekaar nie te veroordeel of te verag nie (Rom 14:3, 10), en om mekaar ook nie aanstoot te gee met die manier waarop hulle hulle verskille hanteer nie (Rom 14:13).

Hoofsaak vir Paulus is dat gelowiges mekaar sal aanvaar, soos wat Christus hulle aanvaar het. Christus het immers gekom om Jode én nie-Jode te oortuig van die waarheid van die evangelie (Rom 15:7-9).

Met dit alles in gedagte sluit Paulus hierdie gedeelte van die Romeinebrief af met 'n ernstige pleidooi:

> *"Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees" (Rom 15:13).*

Vir Paulus is die sake wat die gelowiges in Rome aan mekaar verbind, inderdaad veel belangriker as dit waaroor hulle van mekaar verskil.

Om saam te vat: Die twee verhale het in verskillende kontekste afgespeel, en tog is daar 'n gedeelde evangeliese waarheid wat hulle saambind.

In die ***verhaal van Romeine*** doen Paulus 'n beroep op die gemeente om, ten spyte van hulle verskillende teologiese opvattings, eensgesind te wees.

> *En mag God, die bron van alle standvastigheid en bemoediging, gee dat julle eensgesind onder mekaar sal wees soos Christus Jesus dit wil hê. Dan kan julle almal eensgesind uit een mond lof toebring aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus. (Rom 15:5-6)*

Die liefde van Christus bind die gelowiges saam. Hulle eensgesindheid word teweeggebring deur 'n relativering van eie opvattings:

> *Vir die een is een dag belangriker as ander dae; vir 'n ander is alle dae ewe belangrik. Elkeen moet net in sy eie gemoed oortuig wees van sy opvatting… Die een wat alles eet, doen dit tot eer van die Here, want hy dank God. En die een wat nie alles eet nie, doen dit tot eer van die Here, en ook hy dank God. (Rom 14:5-6)*

Hulle eensgesindheid word ook teweeggebring deur die gedeelde siening dat Christus vir almal gesterf het, wat ons noop om in liefde met mekaar om te gaan:

> *Moenie deur wat jy eet, iemand vir wie Christus gesterf het, laat verlore gaan nie. (Rom 14:15).*

Selfs waar mense nie saamstem oor 'n bepaalde geloofskwessie nie, roep Romeine ons in elk geval op tot verdraagsaamheid.

In die ***verhaal van Handelinge*** bind 'n gedeelde onderliggende teologiese siening (oor die wetsvrye evangelie) die gelowiges saam. Hulle skik oor leefstylkwessies omdat hulle dieselfde oortuiging deel oor 'n kardinale evangeliese waarheid:

> *En God, wat die harte ken, het dit bevestig deur die Heilige Gees aan hulle [die heidene] te gee net soos aan ons. Hy het geen onderskeid tussen ons en hulle gemaak nie. Hy het ook hulle harte deur die geloof gereining. (Hand 15: 8-9)*

Die apostels en ouderlinge beklemtoon die kardinale geloofsgoed waaroor gelowiges dit eens is en beweeg vanuit hierdie oortuiging na skikkingsvoorstelle tussen die strydende partye.

Beide Handelinge 15 en Romeine 14 lewer dus dieselfde uitkoms: 'n skikking in liefde.

Handelinge 15 lewer hierdie uitkoms deur klem te plaas op 'n onderliggende *gedeelde waarheid* en Romeine 14 deur *verdraagsaamheid* te midde van botsende standpunte.

## 3.2. Een kerk in 'n verdeelde samelewing

Tydens die 2019 Sinode het prof Marius Nel gepraat oor eenheid en diversiteit. *Hoe was dit moontlik dat mense van uiteenlopende agtergronde en verskillende sieninge in een beweging in die vroeë kerk saamgesnoer kon word?* Hier volg 'n kort samevatting van sy aanbieding:

Diversiteit is nie ‘n nuwe ding nie. Die eerste-eeuse Mediterreense wêreld, waar die kerk ontstaan het, was 'n uiters diverse wêreld. Die konflik wat dié diversiteit te weeg gebring het, is dan ook sigbaar in die Nuwe Testament. Ons sien dit byvoorbeeld in die stryd tussen groepe in Korinte. Ook tussen die Jode en die volgelinge van Jesus in Matteus. Die DNS van die vroeë kerk het 4 merkers bevat wat dit in staat gestel het om 'n groot diversiteit van mense te kon akkommodeer:


> Wat het die Christene in staat gestel om diverse mense sonder dwang in een beweging saam te snoer?

### *i. Klem op eenheid eerder as eendersheid*

Die vroeë kerk het eenheid eerder as eendersheid nagejaag. Waar *eendersheid* ons aan mekaar bind, word gesoek na vele gemeenskaplikhede tussen ons. Waar *eenheid* ons aan mekaar bind, word klem geplaas op die één gemeenskaplikheid – die geloof in Jesus as Here – wat ons aan mekaar knoop. Waar die kerk soek na *nóg samebindende gemeenskaplikhede*, soos in die Gereformeerde tradisie dikwels gebeur, versplinter dit die kerk.

### *ii. ’n Christus-oriëntasie deurbreek die polariteite in die samelewing*

Die Romeinse Ryk is gekenmerk deur duidelike polariteite: man-vrou; Griek-barbaar; Jood-nie-Jood; slaaf-vryman. Hierdie was nie gelyke pole nie; die een pool was telkens die bevoorregte een. Mense in die bevoorregte pool is meestal onwillig om hulle verhouding tot mense in die ander pool te verander. Hulle wil immers nie hulle mag, status en voorregte verloor nie. Tog is dít juis van die vroeë kerk gevra: dat ander se belange eerste gestel word.




Maar hoe kry ons dit reg? In kort: die vroeë Christene het die verskillende polariteite deurbreek met 'n Christus-oriëntasie.

> *Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: In Christus Jesus is julle almal één. (Gal 3:28:)*

*Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan die van ander. Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was." (Fil 2:4-5)*

Hoe word die verskillende polariteite dus ontlont? Nie deurdat mense in die een pool soos mense in die ander word nie. Albei word *soos Jesus* deur sy gesindheid aan te neem. Daarom kan daar Joodse en nie-Joodse Christene wees.

### *iii. Die ingesteldheid om vanuit God se genade te kyk*

Die vroeë kerk het genade op 'n ruim wyse verstaan. Genade was vir hulle meer as om iemand se verlede te vergeet. Dit was ook om vir iemand die toekoms te bied wat God uit genade geskenk het. Genade was om te sê ondanks wie jy is, is jy welkom ...danksy God se genade. En saam het ons nou 'n roeping waaroor ons nie eens kon droom nie; 'n toekoms nét omdat God dit vir ons uit genade geskenk het.




*...God het my al voor my geboorte vir Hom afgesonder, en Hy het my in sy genade geroep. Toe Hy in sy goedheid besluit het om sy Seun aan my te openbaar sodat ek die evangelie oor Hom onder die heidennasies sou verkondig... (Gal 1:15-16)*

### *iv. Die kerk is 'n familiebesigheid*

Die vroeë kerk het nie oor hulleself as 'n organisasie gepraat nie. Hulle het familietaal gebruik, mekaar as "broers en susters" aangespreek. Die implikasie hiervan is geweldig. Familie investeer meer in mekaar as wat hulle ooit sal terugkry. Hulle hou nie boek van die transaksies tussen hulle nie. Hulle leef tot voordeel van mekaar. Hulle is ook nie familie in die geheim nie, maar in die openbaar. Die vroeë Christene het mekaar in die openbaar hanteer soos familie deur mekaar te soen. Dalk benodig ons weer die "sakrament van die soen" (1 Pet 5:12)!

# 3.3. Kern- en randsake


Dit help om oor ons soeke na die wil van God in die Woord op drie vlakke na te dink. Dit kan soos volg voorgestel word:

Die eerste sirkel noem ons *kerngeloof*.

Hierdie sirkel omvat die kern van dit waarin gelowiges oor die wêreld glo soos geopenbaar in die Skrif. Oor hierdie kernwaarhede is daar weinig verskil tussen gelowiges. Hierdie kerngeloof word Sondag na Sondag deur gelowiges in kerke dwarsoor die wêreld bely.

Die tweede sirkel omskryf ons as ons *toegepaste geloof* of die kerklike tradisie waarin ons staan.

Dié sirkel beskryf hoe gelowiges hulself deur die eeue saam gegroepeer het rondom hul verstaan en interpretasie van die Woord van God ten opsigte van hul kerklike, gemeenskaps- en missionale lewe. Daar het verskillende kerklike tradisies ontstaan, soos Ortodoksie, Rooms Katolisisme, Gereformeerdheid, Metodisme, Evangelikalisme, Pinkster ens. Vandag erken en bely ons dat God veel groter is as enige enkele tradisie en dat ons deur die verskillende tradisies saam God se volheid beter kan beleef. Ons behoort aan die Gereformeerde tradisie omdat ons daarin die meeste tuis voel ten opsigte van gebruike en belydenisse.




Die derde en laaste sirkel omskryf ons as ons *persoonlike geloof*.

Hierdie buitenste sirkel omsluit my persoonlike geloofsverhouding met God waar ek aanvullend tot my kerngeloof en my toegepaste geloof ook in ’n eiesoortige persoonlike verhouding met God staan. Binne hierdie persoonlike geloofservaring vind ek God deur Sy Woord en Gees wat my verlig oor hoe ek as individu voor en vir God moet lewe. Hierdie verhouding is egter persoonlik en wat vir my geld (of wat God aan my persoonlik sê) geld nie noodwendig vir die gelowige langs my op presies dieselfde wyse nie. So kan God van my vra om selibaat te bly, of om nie drank te gebruik, of om sendingveld toe te gaan, of my motor vir ’n goeie saak weg te gee. Ek kan egter nie verwag dat my broer en suster langs my dít wat God van my in my geloof vra ook net so moet nakom of leef nie. Van hulle mag God dalk iets anders vra of verwag. Dit word deur God aan hulle persoonlik geopenbaar.

As ons Sondag ’n erediens bywoon, hoor en verstaan ons nie almal die boodskap dieselfde nie. God maak aan elkeen sy wil persoonlik en eiesoortig deur die Gees bekend.

Ek moet egter altyd waak dat ek nooit my persoonlike geloof en dit wat God aan my openbaar, verhef asof dit die kern van geloof is en almal dit net so moet hoor en verstaan nie.

## 3.4. Trinitariese teologie en onderskeidende gesprek

Die God wat ons in die verhale en prente van die Bybel leer ken, is die Vader, Seun en Gees. Die God van die Bybel is dus Persoonlik.

God werk lewend, dinamies en verhoudingsmatig met ons. God is nie ‘n afsydige, algemene Krag nie.

Die Vader, Seun en Gees is aktief in beweging in die wêreld en skakel ons by hierdie beweging in sodat ons daaraan deelneem. Jesus het gesê “soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook” (Joh 20:21).

‘n Kerk wat aan hierdie beweging van die Drie-enige God deelneem, betree doelbewus ‘n reis van *onderskeiding*. Eerlike leierspanne van gemeentes besit nie die antwoorde op alles nie. Daar is dieper vrae oor God en oor die identiteit en roeping van die gemeente waaroor nagedink en onderskei moet word. Juis in tye van krisis, wanneer die ou antwoorde nie meer werk nie, is dit nodig om sake dieper te deurdink en met wysheid te oorweeg.

"Onderskeiding" (*discernment*) kom van die Latynse woord *discernere* wat beteken "*om te skei*". Dit beteken letterlik om in 'n krisis deur toetsing 'n onderskeid tussen goed en kwaad te maak."

Onderskeiding is om "die regte pad te vind" (Luk 1:17); om "met insig te leef" (Efe 1:8); om "saam te dink", "saam te streef" en "een van denke te word" (Fil 2:2). Dit is die kuns en gewoonte om sáám, luisterend op die Here te wag.

Om saam in geloof onder leiding van die Gees te onderskei, behels meer as dat enkelinge die mag het om namens ander te besluit *(hiërargie)*, die mening van die meerderheid gelykgestel word aan God se wil *(demokrasie)* of 'n reëlgebonde of tegniese benadering gevolg word, waar orde en reëls die deurslag gee *(burokrasie)*.

Onderskeiding kom neer op 'n proses van luister en wéér luister na God en na mekaar, totdat die Gees 'n oortuiging onder ons laat groei waarmee ons kan vorentoe beweeg.

> Die kuns van onderskeiding beteken nie dat almal eenders begin dink nie, maar wel dat 'n gedeelde vertrekpunt – "Christus is die Here van die gemeente" - ons oordeel diep beïnvloed.

# 4. "Bly in My soos Ek in julle": Ons vereniging met Christus en onderlinge eenheid

Christus se versoek om in Hom te bly (Johannes 15:4), is vir ons hantering van die 2019-besluit van deurslaggewende betekenis.

Ons word met Christus verenig omdat Christus Homself aan óns bind; omdat Hy die inisiatief in liefde neem en "kies om in ons te bly". Hierdie intieme band met die lewende Christus het 'n radikale invloed op alle aspekte van ons menswees.

Die idee van die gelowige se gewortelheid in Christus figureer regdeur die Nuwe Testament.

- Volgens Efesiërs 1:13-14 is ons in Christus "verkies, verlos en verseël".

- Op verskeie plekke gebruik Paulus die *en Christō*-formule (47 keer om presies te wees).
- Paulus skryf dat alle gelowiges, Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou, as één in Christus geag moet word (Gal. 3:28).
- Deur ons doop is alle gelowiges "met Christus verenig" en het ons nou sáám "deel van Christus geword" (Gal. 3:27).
- Die evangelie is so ontwerp dat ons in Christus "ingeplant kan word" (1 Kor. 1:9)

Ons vereniging met Christus, die gekruisigde en opgestane Here, is die diepste waarheid omtrent ons lewe en identiteit.

Calvyn en die Gereformeerde tradisie plaas ŉ sterk klem op ons vereniging met Christus. Ons word in Christus "ingelyf" en "met Hom beklee", sodat ons met Hom kan "saamgroei" (Institusie 3.1.1). Daar vind ŉ "mistieke eenwording" (*mystica unio*) plaas tussen die gelowige en Christus (Institusie 3.11.10). Christus "woon in ons harte". Ons word met God versoen en gevorm om te wees wie ons geskape en geroepe is om te wees op grond van die "misterie" van die vereniging met Christus.

Die implikasie van ons vereniging met Christus, is dat ons ook met mekaar verenig moet wees. Omdat ons één met Christus gemaak word, moet die geloofsgemeenskap, as Christus se sigbare liggaam, ook één word. Dít gebeur veral aan die nagmaalstafel (Institusie 4.17.1).

Niemand wat in Christus is, mag uitgesluit of te na gekom word nie; almal moet in liefde en genade ingesluit word.

Calvyn spel dit ondubbelsinnig uit in die Institusie (4.17.38):

Aangesien Christus "net een liggaam het waarin Hy ons almal deelgenote maak, moet ons noodwendig almal saam deur so 'n deelagtigheid (in sy liggaam) een liggaam word".

Gelowiges "moet in so 'n groot geestelike eensgesindheid aan mekaar verbind en verbonde wees dat daar geen tweedrag of skeiding onder hul voorkom nie".

Ons het 'n "pragtige voordeel uit die sakrament gehaal, as hierdie gedagte in ons gemoedere afgedruk en ingegrif is dat ons geeneen van ons broers [of susters] leed kan aandoen, verag, verstoot, geweld kan aandoen of op enige

manier aanstoot kan gee sonder om tegelyk met Christus onenig te wees nie; dat ons Christus nie kan liefhê sonder om Hom in ons broers en susters lief te hê nie; dat ons net so besorg moet wees oor ons broers en susters se liggame as oor ons s'n omdat hulle ledemate van ons liggaam is; soos geen deel van ons liggaam deur 'n gevoel van pyn geraak word sonder dat dit oor al die ander dele daarvan versprei nie, so moet ons nie toelaat dat 'n medebroer of -suster deur enige kwaad getref word sonder dat ons uit medelye vir hom ontroer word nie".

Ons vereniging met Christus, deur die Gees, hou dus baie direkte implikasies in vir die eenheid en gemeenskap van gelowiges.



# 5. 'n Christelike styl: Hoe praat ons met mekaar?

## 5.1. Liefde en respek (1 Korintiërs 13)

Wanneer ons sterk voel oor 'n sekere saak, of dit nou is oor watter kleur die kerk se mure geverf moet word of iets ernstiger soos ampte of doop, kan ons maklik vergeet waaroor dit regtig gaan. Ons kan so sterk vir ons standpunt baklei dat die liefde en ander christelike waardes by die deur uitvlieg.

In 1 Korintiërs 13 gee Paulus vir die gemeente weer perspektief oor waaroor dit regtig gaan. Hierdie hoofstuk moet ook in die lig van 1 Korintiërs 12 en 14 gelees word, waar die gemeente uitdagings beleef het tussen die gelowiges oor watter gawes nou belangriker as ander is. Paulus gebruik die liggaamsmetafoor om te verduidelik dat elke gelowige 'n belangrike plek in die gemeente het. Die gawes wat ons van God ontvang is nie om ons eie beuel te blaas nie, maar om mekaar deur die Gees op te bou in geloof.

1 Korintiërs 13 herinner gelowiges net weer dat al ken jy al die antwoorde en het jy al die gawes en jy het nie liefde vir mekaar nie, dan beteken dit niks. Hy gaan dan verder deur in vers 4-7 vir ons te verduidelik wat liefde dan beteken. "Liefde is geduldig, die liefde is vriendelik, dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie. Dit handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie liggeraak nie en hou nie boek van die kwaad nie. Dit verbly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles en verdra alles."

In vers 11 sien ons dat wanneer jy geestelik volwasse is, dan redeneer jy nie meer soos 'n kind nie. 'n Kind kan net sy eie punt insien en het nie die vermoë om in 'n ander se skoene te staan nie. As 'n mens in jou geloof groei, behoort jy ook na ander te kan luister. In vers 12 word die gemeente ook net weer herinner dat ons nog nie alles weet nie. Ons ken net gedeeltelik, maar eendag sal ons God ten volle ken. Hierdie vers moet ons aanspoor om ons eie sienings maar saggies vas te hou, in die wete dat ons nog nie alles weet nie.

Mag ons in die gesprek oor selfdegeslagverhoudings nie die woorde van 1 Korintiërs 13 vergeet nie. Mag dit ons aanspoor om mekaar met liefde en respek te hanteer.

## 5.2. Gesprekswaardes

Dit is belangrik dat ons, ter wille van die eer van die Here, die menswaardige hantering van mekaar en die styl waarmee ons dinge doen, op 'n bepaalde manier optree.

Die Algemene Sinode het gekies om met die waardes van die *Seisoen van Menswaardigheid* te werk:

- **Respek:** laat dit wat jy oor mense sê, getuig van respek vir hulle menswees;
- **Luister:** betrek mense wie se lewensituasie ter sprake kom as gelyke gespreksgenote, eerder as om óór hulle te praat;
- **Omarm** moet niks sê of doen wat die indruk mag wek dat mense uitgesluit word nie;
- **Liefhê:** waak teen kwetsende uitsprake en optrede wat die waardigheid van mense in gedrang bring.

## Lees hierdie spelreëls hardop saam:

- Ek praat persoonlik...
  *... en weerhou my van veralgemenings.*
- Ek is eerlik en kwesbaar...
  *... en weerhou my van 'little lies.'*
- Ek luister diep...
  *... en weerhou my daarvan om ander te genees of reg te help.*
- Ek bly in die oomblik...
  *... en weerhou my daarvan om weg te skram van ongemak.*
- Ek stel myself oop ...
  *... en weerhou my van agendas.*
- Ek wag geduldig op God...
  *... en skryf nie voor hoe God ons moet ontmoet nie.*

## Pas dit toe:

- Wanneer 'n mens veiliger voel, begin jou maskers sak.
- Skakel kritiek (ek weet beter as jy) en spot (jy is nie regtig normaal nie) uit.
- Wanneer ons toelaat dat iemand in 'n groep verkleineer word, raak die omgewing onveilig.
- Wanneer ons hou by die neergelegde reëls, voel mense veilig en verbeter die deelname.
- Wanneer die **gespreksleier** die groep streng hou by die spelreëls, verbeter die deelname en die kwaliteit van die gesprek.

Oefen om te eggo. Som dit wat die ander sê kortliks op en toets of jy reg gehoor het. Oefen ook bevestiging. Spreek waardering uit teenoor jou gespreksgenoot in plaas van om fout te soek of aan te val. Beweeg so van 'n debat-styl na 'n dialoog-styl.

## Maak tyd vir gebed:

Bring die dinge wat julle bespreek het in gebed voor die Here. God praat met ons en God luister na ons. Bid dat God ons verhoudinge sal seën. Bid dat die Gees ons lei tot helderheid en wysheid, waar ons so baie dinge nie duidelik weet nie en oor baie dinge nie saamstem nie.

***Vader, ons is na U beeld geskape, gee ons deernis;***

***Jesus, ons is deur U opoffering nuut gemaak, gee ons liefde;***

***Heilige Gees, ons word deur U gelei, gee ons helderheid.***

***Amen***

# 6. Die pad van die NG Kerk met selfdegeslagverhoudings sedert 1986

## 1.1. ‘n Kort opsommende storielyn:

**① KAAPSTAD, 1986:**

*‘n Afwysende standpunt “in die lig van die Skrif”.*

---

Toe “homoseksualiteit” (in daardie stadium so genoem) in 1986 vir die eerste keer op die agenda van die NG Kerk se Algemene Sinode verskyn het, is nie gesê ‘n homoseksuele oriëntasie is iemand se persoonlike skuld nie, maar seksuele verhoudings van dieselfde geslag is in die lig van die Bybel wel ondubbelsinnig afgewys as in stryd met die wil van God.

Volledige dokumente by http://selfdegeslagverhoudings.bybelmedia.org.za/

Homoseksualiteit is ‘n “afwykende vorm van seksualiteit” genoem. Vir baie jare was dít die amptelike standpunt van die NG Kerk.
By hierdie sinode is ook ‘n verslag oor *Skrifgebruik en Skrifgesag* aanvaar (sien by 2.1. hieronder), wat sterk sou meespeel in die verdere verloop van die onderskeidingsproses oor die saak.

**② PRETORIA, 2002:**

*Die Algemene Sinode verklaar in die lig van die voortgaande besinning dat nie langer volstaan kan word met die verslag ‘Homoseksualiteit: Wat sê die Kerk?’ van 1986 nie.*

---

Die Algemene Sinode van 2002 het besluit om nie langer te bly staan by die streng afwysende beleidstandpunt van 1986 nie. Die sinode het besluit om verdere studie te doen en nie weg te deins van komplekse vrae nie. Wat leer ons uit psigiatriese en sielkundige navorsing? Die indeks vir die beskrywing van psigiatriese afwykings [DSM] het immers homoseksualiteit uit hulle lys van psigiese afwykende gedragsverskynsels verwyder. Is homoseksualiteit aangebore of aangeleer? Wat leer ons uit Bybelnavorsing? Praat die Bybeltekste oor promiskue gedrag, of ook oor homoseksuele mense wat in ‘n permanente verhouding van liefde en trou staan?

**③ HARTENBOS, 2004:**

*Die Algemene Sinode is daarvan oortuig dat alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, ingesluit is in God se liefde en dat hulle op grond van hulle doop as volwaardige lidmate van die kerk aanvaar behoort te word.*

---

Die Algemene Sinode van 2004 het gesê dat alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, ingesluit is in God se liefde en op grond van hulle geloof alleen as volwaardige lidmate van die kerk aanvaar behoort te te word. Die sinode was oortuig dat hulle hiermee die sterk afwysende 1986-besluit vervang het.

Die Sinode van 2004 het ook opnuut gepraat oor die gesag en interpretasie van die Bybel. Die Bybel is Gods Woord, wat gesag oor ons hele lewe het en ons alles leer wat ons hoef te weet om te glo en God se wil te gehoorsaam. Die Bybel vereis egter nié dat ons ons denkvermoë moet opoffer nie. Bybel-interpretasie is noodsaaklik en belangrik. Ons moet as geloofsgemeenskap saam onder leiding van die Heilige Gees soek na die betekenis van God se Woord. Bowenal: Ons verstaan die Bybel vanuit die hart daarvan, naamlik die evangelie van Jesus Christus. Hierdie verstaan van die gesag en interpretasie

van die Skrif het die invloed gehad dat daar weer met vrymoedigheid na tekste gekyk kon word om nuut te vra na die betekenis daarvan.

‘n Diverse taakspan is aangewys wat by die volgende sinode voorstelle moes maak. Die taakspan het hulle werk gedoen in die wete dat “die debat oor homoseksualiteit wêreldwyd kompleks en kontensieus is, met die potensiaal om verwydering en skeuring binne kerke en kerkverbande te veroorsaak”.

## ④ BOKSBURG, 2007

*Verskillende groepe se eksegese van Bybeltekste verskil. Die Algemene Sinode erken die diskresie van Kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes in die gees van Christelike liefde te hanteer.*

Die taakspan se verslag het twee uitvoerige bylaes bevat met twee verskillende standpunte.

**Bylaag een** van die 2007-verslag het geargumenteer dat homoseksuele gedrag binne vaste verhoudings van liefde en trou Christelik-eties aanvaarbaar is. Die oortuiging is gestel dat die Skrifgegewens oor homoseksualiteit verstaan moet word as ‘n afkeur van bepaalde ongesonde en afbrekende vorme van seksuele gedrag. Vaste verhoudings tussen persone van dieselfde geslag is Christelik-eties aanvaarbaar as dit gerig is op die vorming van ’n vaste verbintenis van liefde en trou. Hierdie groep wou in ag neem dat daar tussen die tyd van die Bybelskrywers en die moderne leser baie tyd verloop het en dat nuwe wetenskaplike kennis voordurend ontwikkel. Die kerk het immers met kwessies soos slawerny, die posisie van die vrou, en sekere ander kulturele en seremoniële gebruike en voorskrifte bewys dat daar ‘n bepaalde bewussyn en onderskeidingsvermoë van verantwoorde Skrifgebruik nodig is.

Die 2007-verslag, wat deeglike eksegetiese en teologiese beredenering in twee verskillende bylaes bevat, kan gevind word op die webblad van die Algemene Sinode by http://ngkerk.net/navorsingverslae/

**Bylaag twee** van die 2007-verslag het geargumenteer dat homoseksuele gedrag nie Bybels verdedigbaar is nie. Hierdie groep was oortuig dat die Bybelskrywers kennis gedra het van permanente gay verhoudings tussen mans sowel as tussen vroue en dit verwerp het. Dit is duidelik dat vir die Bybelskrywers en eerste lesers dit vanselfsprekend was dat seksuele verbintenisse tussen mense van dieselfde geslag verkeerd was. God het man

en vrou gemaak om bymekaar te pas. Van ander verbintenisse het die mense van die Bybel wel geweet, maar dit is duidelik dat hulle oortuig was dat dit teen die Here se wil was.

Die opstellers van die twee afsonderlike bylae in die 2007-verslag het wel die volgende **konsensus** gehad (opgesom).

- *Die Bybel* is ons uitgangspunt en in ons nadenke en besluite oor homoseksualiteit soek ons eerlik na maniere om die Bybelse waardes betekenisvol binne dié konteks te interpreteer.
- Ons aanvaar die liefde van Christus as die enigste geldige grondhouding waarop *verhoudinge* binne die geloofsgemeenskap gebaseer moet word.
- Alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, is ingesluit in God se liefde en hulle behoort op grond van hulle doop en geloof as *volwaardige lidmate* van die kerk van Christus aanvaar te word.
- Die *huwelik* tussen ’n man en ’n vrou is ’n belangrike instelling van God.
- Sowel heteroseksuele as homoseksuele *promiskuïteit* word as destruktiewe en sondige gedrag afgekeur.
- Pastorale *ondersteuningsisteme* vir persone wat op een of ander wyse die werklikheid van homoseksualiteit beleef, is belangrik.

Die bespreking van hierdie twee bylae het gelei tot die aanvaarding van voorstelle waarop ooreengekom is deur die moderators van die samestellende sinodes:

Die Algemene Sinode van 2007 besluit soos volg:

1. *Die Bybel is ons uitgangspunt en in ons nadenke oor homoseksualiteit soek ons eerlik na maniere om die Bybelse waardes betekenisvol binne die konteks te interpreteer.*
2. *Ons aanvaar die liefde van Christus as die enigste geldige grondhouding waarop verhoudinge binne die geloofsgemeenskap gebaseer word. Alle mense is geskep na die beeld van God; die verlossing in Christus is vir alle mense en die Gees is uitgestort op alle gelowiges. Daarom aanvaar ons die menswaardigheid van alle mense.*
3. *Alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, is ingesluit in God se liefde en hulle word op grond van hulle doop en geloof as lidmate van die kerk van Christus aanvaar. Onder lidmaatskap word verstaan toegang tot die sakramente, toegang tot die ampte en onderworpenheid aan die kerklike tug.*
4. *Die Algemene Sinode herbevestig die besluit van 2004 dat, volgens ons verstaan van die Bybel, slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as ‘n huwelik beskou kan word.*

5. *Die Algemene Sinode bevestig ook die besluit van 2004 dat sowel heteroseksuele as homoseksuele promiskuïteit ten sterkste veroordeel word.*
6. *Die Algemene Sinode besluit dat, in die lig wat ons tans het, homoseksuele verbintenisse en huwelike nie as 'n alternatief vir die huwelik aanvaar kan word nie.*
7. *Die verlening van predikantsbevoegdheid is 'n funksie van die Algemene Sinode. Die sinode besluit dat homoseksuele gelegitimeerdes wat 'n selibate lewenstyl beoefen tot die predikantsamp toegelaat word.*
8. *Die Algemene Sinode erken die diskresie van Kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes in die gees van Christelike liefde te hanteer.*

Die 2007-besluit was duidelik: homoseksuele gelegitimeerdes wat 'n selibate lewenstyl beoefen kan tot die predikantsamp toegelaat word.

Daar het mettertyd via die Kuratorium van die NG Kerk in Suid-Afrika 'n versoek gekom na die Algemene Sinode om verder te onderskei. Die Kuratorium het direk in verhouding gestaan met gay studente wat geroepe voel om predikant te word en die pad van teologiese studie geloop het.

Ook in ander kerke in Suid-Afrika is gedurende hierdie tyd dieselfde spanning beleef. Die standpunt van 2007 is op die agenda van die sinode in Port Elizabeth geplaas.

## ⑤ PORT ELIZABETH, 2013:

*Die Algemene Sinode bevestig dat die besluit van 2007 geneem is na 'n deeglike eksegetiese en teologiese studie en versoek 'n studie oor die status van selfdegeslagverhoudings in die lig van die Skrif en Gereformeerde tradisie.*

---

Die sinode van 2013 het die volgende prosesvoorstel aanvaar:

*Die Algemene Sinode*

1. *bevestig dat die besluit van 2007 oor homoseksualiteit geneem is na 'n deeglike eksegetiese en teologiese studie.*
2. *gee opdrag aan die ASM om in voortsetting van die 2007 verslag oor homoseksualiteit 'n studie te doen oor die status van selfdegeslagverhoudings in die lig van die Skrif en Gereformeerde tradisie*
3. *besluit dat homoseksuele en heteroseksuele studente wat hulle voorberei vir die bediening in die NG Kerk, aan dieselfde Christelik-etiese standaarde moet voldoen met die oog op legitimasie.*

*4. verbind hom ook in die hantering van die saak aan die waardes van die Seisoen van Menswaardigheid.*

Die 2013 sinode het dus verdere studie gevra oor die status van selfdegeslagverhoudings, en besluit dat dieselfde etiese standaarde sal geld vir beide homoseksuele en heteroseksuele studente met die oog op legitimasie. Die Seisoen van Menswaardigheid moes hierin bepalend wees.

**⑥ PRETORIA, 2015:**

*Die Algemene Sinode besluit om die status te erken van burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag wat gekenmerk word deur liefde en trou.*

---

Die Algemene Sinode van 2015 het die saak weer gedebatteer en later tydens hul vergadering ‘n oop, gefasiliteerde gesprek gevoer. Die vorige besluit dat homoseksuele gelegitimeerdes slegs predikante mag word indien hulle sonder ‘n seksuele verhouding leef, is hier opgehef.

Die Algemene Sinode van 2015 se besluit lui soos volg:
*1. Die Algemene Sinode herbevestig die gelykwaardigheid van alle mense ongeag seksuele oriëntasie en verbind haarself tot die handhawing van die menswaardigheid van alle mense.*
*2. Die Algemene Sinode verklaar dat hetero- en homoseksuele persone wat in ’n verhouding van persoonlike geloofsgehoorsaamheid aan die Here leef, ten volle kan deelneem aan al die voorregte van die kerk as verbondsgemeenskap.*
*3. Die Algemene Sinode herbevestig die besluite oor die huwelik van 2004, 2007 en 2013 dat slegs die verbintenis van een man en een vrou as ’n huwelik beskou word.*
*4. Die Algemene Sinode besluit om in die lig van punt 1 hierbo erkenning te gee aan die status van burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag wat gekenmerk word deur liefde en trou, en maak voorsiening dat hierdie verbintenisse deur predikante wat hulle weg oopsien, bevestig kan word.*
*5. Dieselfde Christelik-etiese standaarde (leer en lewe) geld vir die legitimasie van ordening van alle persone. Punt 7 van die besluit van 2007 verval.*
*6. Die Algemene Sinode erken die diversiteit van beskouinge oor selfdegeslagverbintenisse binne die NG Kerk en bevestig die reg van kerkrade om hieroor hulle eie standpunte en praktyke te formuleer en te reël.*

*7. Die Algemene Sinode bevestig die diskresie van kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes te hanteer en versoek hulle om dit in 'n gees van Christelike liefde te doen.*
*8. Die Algemene Sinode bied hierdie besluite oor selfdegeslagverhoudings aan met nederigheid na 'n ernstige soektog en as die beste toepassing van die boodskap van die Bybel soos ons dit tans verstaan. Die Algemene Sinode versoek lidmate, gemeentes en kerkvergaderings om weereens op 'n selfstandige soekproses na die toepassing van die boodskap van die Bybel hieroor te gaan. In die soektog kan studiestukke van die Algemene Sinode van 2007, 2011, 2013 en 2015 ernstig gelees word. In ooreenstemming met die NGB Art 2 behoort die besondere én algemene openbaring gebruik te word, dws die beste huidige menswetenskaplike bevindings.*
*9. Die Algemene Sinode besluit om 'n Christelik-Bybels-etiese model oor die seksualiteit vir alle mense te ontwikkel om gemeentes te begelei in die lig van voorafgaande besluite. Hierdie saak word ook verwys na die Projekspan vir Leer en Aktuele Sake, wat reeds 'n soortgelyke opdrag in A.8.2 bl 172 punt 7.4 ontvang het.*
*10. Die Algemene Sinode besluit om 'n bevatlike oorsig van die NG Kerk se reis met homoseksualiteit saam te stel en te versprei om gemeenteleiers te bemagtig in die begeleiding van gemeentes oor hierdie saak.*
Die Algemene Sinode het verder besluit:
*1. Vanuit ons verbintenis tot die waardes van die Seisoen van Menswaardigheid sê ons as Algemene Sinode opreg jammer vir mense wat seergekry het en wie se waardigheid aangetas is weens enige homofobiese taal, gedrag of gesindheid van die kant van die kerk, ook tydens hierdie vergadering.*
*2. Die Algemene Sinode weerhou haarself voortaan van enige homofobiese taal, gedrag en gesindheid juis vanweë ons verbintenis aan die Seisoen van Menswaardigheid, en ook vanuit 'n diepe oortuiging van die diskriminerende aard van sodanige taal, gedrag en gesindheid as gevolg daarvan."*
Die Algemene Sinode het verder besluit:
*1. Die Algemene Sinode dra dit aan die Algemene Steunspan Regte op om die kerkregtelike- en regsimplikasies van enige besluit(e) insake selfdegeslagverhoudings te ondersoek met verslag en aanbeveling aan die Algemene Sinodale Moderamen.*
*2. Die Algemene Sinode neem kennis dat volgens die Civil Union Act (Wet 17 van 2006) vereis word dat denominasies skriftelik by die Minister moet aansoek doen om toestemming te verkry om selfdegeslagverbintenisse te voltrek (vergelyk Klousule 5 wat soos volg lees: Designation of ministers of religion and other persons attached to religious denomination or organisation as marriage officers: (1) Any religious denomination or organisation may apply in writing to*

*the Minister to be designated as a religious organisation that may solemnise marriages in terms of this Act).*

Die Algemene Sinode het verder besluit:

*1. Die Sinode van Namibië versoek die Algemene Sinode om kennis te neem dat pt 4 in die goedgekeurde voorstel wat soos volg lees "erkenning te gee aan die status van burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag", in stryd is met die landswette van Namibië.*

*2. Die Algemene Sinode keur goed dat hierdie pt 4 oor selfdegeslagverhoudings nie afdwingbaar is op die Sinode van Namibië nie.*

Die 2015-besluit het buitengewoon baie reaksie ontlok in gemeentes en in die openbare media. Kommentaar uit die kerk het meer as 600 bladsye beslaan. Daar was ook 'n reeks appèlle. Die ASM het besluit om 'n Buitengewone Algemene Sinode te hou om besware, appèlle, gravamina en ander voorleggings te hanteer. Hierdie sinodesitting het plaasgevind vroeg in November 2016.

**⑦ PRETORIA, 2016:**

*Die Algemene Sinode herbevestig dat die huwelik deur God ingestel is as 'n heilige en lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou en dat enige dade van seksuele gemeenskap buite so 'n vaste formele huweliksverbintenis nie aan Christelike riglyne voldoen nie.*

---

Die 2016 Buitengewone Algemene Sinode het die besluit van 2015 omgekeer:

*1. Die Algemene Sinode besluit om die saak van selfdegeslagverhoudings met groot omsigtigheid te benader en om nie standpunte op gelowiges en gemeentes af te dwing waarvan die Gees die gemeentes nie oortuig het nie.*

*2. Die Algemene Sinode*

*2.1. herbevestig haar verbintenis aan die besluite van die Algemene Sinode van 2011 oor Skrifbeskouing, Skrifgesag, Hermeneutiek en Skrifuitleg.*

*1. Die Algemene Sinode herbevestig die verklaring Skrifgebruik en Skrifgesag, soos aanvaar by die Sinode van 2004, as 'n eenvoudige en prinsipiële samevatting van die NG Kerk se Skrifbeskouing.*

*2. Die Algemene Sinode wys daarop dat vir 'n meer volledige uiteensetting van die saak, die verslae soos goedgekeur in 1986 (getiteld Skrifgebruik en Skrifgesag), 1990 (Skrifberoep in Etiese Sake) en 2002 (Gesag van die Skrif) hiermee saam gelees behoort te word."*

*(Vgl.: Notule Algemene Sinode 2011, bladsy 91)*

*2.2. wys daarop dat die besluite van die Algemene Sinode oor Skrifgebruik en Skrifgesag nie gewysig is nie en steeds die geldende standpunt is.*

*3. Die Algemene Sinode bely*

*3.1. dat ons altyd soekend moet bly na die waarheid van die evangelie tussen veelvuldige stemme en in 'n stukkende wêreld.*

*3.2. dat gelowiges met diep oortuigings oor selfdegeslagverhoudings dikwels van mekaar verskil, en daarom moet hierdie soeke in 'n gees van luister, sensitiwiteit, smeking, dringendheid en verantwoordelikheid benader word, wagtend op die leiding van die Heilige Gees.*

*3.3. dat almal betrokke by die verskillende vertolkings erns maak met die Skrif en dat daar by almal 'n opregte begeerte is om God se wil te soek.*

*3.4. dat die kerk die plek is waar almal omarm en die genade van Christus ontdek moet word.*

*4. Die Algemene Sinode*

*4.1. beklemtoon dat geen mens minderwaardig behandel mag word nie, maar inteendeel dat met respek en liefde teenoor alle mense opgetree moet word. Ons erken die gelykwaardigheid van alle mense ongeag seksuele oriëntasie en verbind onsself opnuut tot die bevordering van die Godgegewe waardigheid van alle mense.*

*4.2. roep alle lidmate en ampsdraers op om, ongeag seksuele oriëntasie, mekaar met die liefde van Christus te aanvaar.*

*4.3. vra onvoorwaardelik vergiffenis waar persone met 'n homoseksuele oriëntasie nie soos hierbo behandel is nie*

*4.4. herbevestig dat die huwelik deur God ingestel is as 'n heilige en lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou en dat enige seksuele gemeenskap (dade) buite so 'n vaste formele huweliksverbintenis nie aan Christelike riglyne voldoen nie, maar erken die realiteit dat daar lidmate van dieselfde geslag in burgerlike verbintenisse is wat getuig van liefde en trou.*

*4.5. bevestig dat die gesin as hoeksteen in 'n Christelike gemeenskap beskou word.*

*4.6. is oortuig dat enige persoon wat die genade van die Here deelagtig is en Jesus Christus as Here bely, ongeag seksuele oriëntasie, 'n volwaardige lidmaat van die kerk is en as sodanig as ongesensureerde lidmaat volle toegang het tot al die ampte in die kerk.*

*4.7. bevestig dat Kerkrade die reg behou om self te besluit wie in leiersposisies in die gemeentes mag dien, en kan nie verplig word om enige persoon wat in 'n selfdegeslag burgerlike verbintenis is, in diens te neem nie.*

*4.8. besluit dat dieselfde Christelik-etiese standaarde met betrekking tot leer en lewe geld vir die legitimasie en ordening van alle persone, ongeag seksuele oriëntasie.*

Die hof het bevind dat die sinode van 2016 se besluit nie geldig is nie weens prosedurele foute. Dit het beteken die 2015-besluit staan.

## ⑧ eMseni 2019:

***Daar is ruimte vir verskillende standpunte oor verhoudings tussen mense van dieselfde geslag. Kerkrade, ringe en sinodes het die reg om self te besluit watter standpunt hulle hieroor wil inneem.***

---

Die 2019 Algemene Sinode het die besluit van 2015, wat na die hofuitspraak die staande besluit was, ter syde gestel, ook omdat die verkeerde prosedure met die neem daarvan gevolg is.

‘n Beskrywingspunt van die Sinode van Wes-Kaapland (Mei 2019) is as voorstel aangebied en dit is ná diepgaande en openhartige bespreking so aanvaar:

*1. Die Algemene Sinode neem kennis dat verskille in die kerk ten opsigte van Skrifhantering en Skrifuitleg tot vasgelooptheid gelei het, en dat voortgaande besinning oor verantwoordelike Skrifuitleg steeds nodig is.*
*2. Die Algemene Sinode bely egter dat die eenheid van die kerk gefundeer is in ’n eenheid met Christus en die belydenisgrondslag, en dat hierdie eenheid nie verbrokkel wanneer daar oor Skrifhantering en Skrifuitleg ten opsigte van hierdie saak verskil word nie, maar verryk en verdiep word.*
*3. Die Algemene Sinode is verbind tot ’n voortgaande en nederige diepe luister na mekaar, met respek vir mekaar se uiteenlopende benaderings, Skrifhantering en hermeneutiek.*
*4. Die Algemene Sinode moedig gemeentes aan om voort te gaan met die skep van gesprekruimtes vir gesonde geloofsonderskeidende gesprekke oor hierdie (en ander) teologies-etiese kwessies, en toe te sien dat:*
*4.1 hierdie ruimtes inklusief en divers bly;*
*4.2 nie oor ánder te praat nie, maar eerlik en broos vanuit die eie posisie,*
*4.3 en daar werklik erns gemaak word met die Woord van God.*
*5. Die Algemene Sinode respekteer kerkrade se reg om geloofsonderskeidende gesprekke in hulle eie kontekste te voer en moedig kerkrade aan om deurdagte en verantwoordelike besluite te neem.*
*6. Die Algemene Sinode moedig kerkrade aan, om by die aanwysing van persone in die ampte, lidmate se:*
*6.1 doop, belydenis, roeping, spiritualiteit en getuienis van leer en lewe,*
*6.2 toegang tot die sakramente,*

*6.3 integriteit van verhoudings, en*
*6.4 geskiktheid vir die spesifieke rol in ag te neem*
*6.5 ongeag ras, geslag, klas of seksuele oriëntasie en -identiteit.*

*7. By die legitimasie van teologiese studente, moet die studente se:*

*7.1 doop, belydenis, roeping, spiritualiteit en getuienis van leer en lewe,*
*7.2 toegang tot die sakramente,*
*7.3 integriteit van verhoudings, en*
*7.4 teologiese- en bedieningsvorming in ag geneem word, ongeag ras, geslag, klas, of seksuele oriëntasie en -identiteit.*

*8. Die Algemene Sinode erken dat daar:*

*8.1 kerkrade en predikante is wat nie hulle weg oopsien om burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag te bevestig nie,*
*8.2 ook kerkrade en predikante is wat wel hulle weg oopsien om burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag te bevestig.*

*9. Die Algemene Sinode wil graag die ruimte wat vir almal geskep word, om volgens hulle oortuiging op te tree, bevestig. Die Algemene Sinode besluit ook dat daar 'n span saamgestel word wat elke streeksinode sal besoek om die saak duidelik en deeglik deur te werk. Dit kan ons help om 'n ingeligte besluit neem.*

*10. Die Algemene Sinode dra dit aan ATLAS op om 'n formulier te ontwikkel vir die bevestiging van burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag.*

*11. Die Algemene Sinode*

*11.1 betreur dat die verloop van die debat en die besluite in die kerk die afgelope jare lidmate verwar en seergemaak het;*
*11.2 vra gay-lidmate en hulle families wie se menswaardigheid wetend en onwetend misken is, uitdruklik om verskoning vir die pyn wat hulle in die kerk beleef het;*
*11.3 verbind hom daartoe om in die gees van hierdie besluit ruimtes te skep vir gesprek waarin almal se menswaardigheid gerespekteer word.*
*11.4 Die Algemene Sinode bedank gay-lidmate wat volgehou het met waagmoedige en konstruktiewe gesprekke in die kerk.*

*12. Die Algemene Sinode dra dit aan ATLAS op om voort te gaan met studie oor die huwelik en menslike seksualiteit met die oog op terugvoer aan die volgende sinode.*